Inligting oor en Toestemming vir die Versamel, Stoor en Gebruik van Persoonlike Inligting

Vir lidmate van die N G Kerk Worcester-Oos

2 Mei 2021

Die kerk het nog altyd persoonlike inligting van lidmate gebêre en gebruik vir naslaandoeleindes en vir gebruik in die bediening as gemeente. Die beskerming van mense se inligting het in die moderne tyd met die gebruik van Internet uiters noodsaaklik geword. Daarom het die staat 'n wet gemaak wat onder andere bepaal dat geen inligting van persone gestoor of gebruik mag word sonder die skriftelike toestemming van die persoon self nie. Hierdie wet is bekend as die POPI-wetgewing. Dit het baie duidelike voorskrifte en streng reëls waaraan elke instansie wat met mense se persoonlike inligting werk, moet voldoen ten einde vervolging vry te spring. Die finale datum waarteen almal aan hierdie vereistes moet voldoen, is 30 Junie 2021.

Bladsy 1 en 2 bevat noodsaaklike inligting wat jy moet lees sodat jy hieroor ingelig is. Op bladsy 3 tot 4 vind jy die vorms waarop jy toestemming verleen vir die versamel, stoor en gebruik van persoonlike inligting sodat die gemeente die bediening en roeping kan uitleef.

Lees asseblief onderstaande inligting en merk op bladsy 3 dat jy dit gelees het en verstaan. Vul ook asseblief die res van bladsy 3 en 4 in en handig dit so gou as moontlik in by die kerkkantoor (voor Maandag, 14 Junie 2021). **Indien die toestemmingsvorms (in geval van minderjarige kinders) nie terugbesorg word nie**, mag die kerk na 30 Junie 2021 geen persoonlike inligting van jou stoor nie. Hierdie bladsy kan ook op verskillende maniere terugbesorg word:

- Besorg dit terug aan die persoon wat jou daarmee besoek het
- Besorg dit self terug deur dit in die posbus in Durbanstraat 5, in 'n verseëlde koevert, te plaas.
- Stuur die getekende vorm terug via e-pos aan die kerkkantoor se adres by ngkworcoos@telkomsa.net.
- Vul dit elektronies in en stuur dit na bogenoemde e-pos adres.
- Persoonlik in handig by die kerkkantoor gedurende kantoorure 8:00 – 13:00.
- Bring die vorm in 'n verseëlde koevert saam na die erediens en plaas in die kollektebord.

Die volgende inligting dien om die erns waarmee die kerk die veilige hantering van jou persoonlike inligting opneem, te beklemtoon. Vir die N G Kerk is dit 'n saak van groot erns dat daar met groot verantwoordelikheid met lidmate se persoonlike inligting te werk gegaan moet word. Dit gaan immers oor die beskerming van mense se identiteit en besittings, maar ook oor hulle veiligheid. Dit geld ook ten opsigte van minderjariges (kinders onder 18 jaar) wat aan die gemeente behoort. Vir die insameling, stoor en verwerking van die persoonlike inligting van minderjariges word die toestemming van beide ouers benodig. Indien die ouers geskei is, word die skriftelike toestemming van albei wettige ouers vereis (albei moet die vorms op bl 4 invul en terugbesorg). Ons vra dat jy asseblief die ander ouer van jou kind inlig en die vorm aanstuur en aan ons terugbesorg. Indien een ouer weier, mag ons ongelukkig volgens die POPIA-wet nie die kind se persoonlike inligting insamel, stoor of verwerk nie.

Die wet vereis nou dat nog meer veiligheidsmaatreëls in plek gestel word om mense te beskerm. Die inligting word op twee maniere gestoor:

1) ‘n Elektroniese databasis (die program se naam is Winkerk). Hierdie stelsel koppel verskillende gemeentes aan mekaar sodat lidmaatskap tussen gemeentes maklik oorgeplaas kan word. 2) Verder word daar ook uitdrukke hiervan gemaak en deur die gemeente in ‘n instapkluis gestoor. Die kluis is in ‘n kantoor wat deur diefwering en ‘n alarm beveilig word. E-posadresse word in die e-pos sagteware gestoor en selnommers in WhatsApp-groepe.

Die elektroniese inligting word deur ‘n wagwoord vir die rekenaar asook vir die databasis beskerm. Verder is daar ‘n antivirus-program wat die rekenaar verder beveilig. Hierdie internet sekuriteitsagteware word gereeld opdateer. Die Windows bedryfstelsel van die rekenaar word ook gereeld opdateer.

Die doel waarvoor inligting benodig word: Hierdie persoonlike inligting word gestoor en vir die doeleindes van die gemeente se bediening gebruik. Slegs die skriba het volle toegang tot al die persoonlike inligting (sy is die aangestelde inligtingsbeampte) en gebruik dit vir kontrole-doeleindes. Indien nodig kry die leraars daartoe toegang as deel van hulle pastorale werk. Beperkte inligting (naam, adres, telefoonnommers en e-pos-adres) word aan kerkraadslede en dienswerkers van die wyk voorsien. So ook word dit beskikbaar gestel aan kleingroepleiers, kategete en admininstratiewe personeel van die kategese, leiers van die onderskeie bedieninge soos die jeug, eiendomme, finans, diensverhoudinge en ander bykomende bedieninge onder toesig van die kerkraad. Die verantwoordelike persone moet daarvoor teken en dit weer terugbesorg wannneer hulle nie meer daardie rol vervul nie. Daar word rekord gehou van persone wat hierdie inligting gebruik. Inligting word versamel, gestoor en gebruik totdat die kantoor kennis kry om dit te staak of wanneer ‘n persoon oorlede is.

Die volgende inligting is reeds op die kerk se databasis: volle name en van, ID-nommer, adres, selfoon of landlynnommer, geslag, huwelikstatus, huweliksdatum, nooiensvan, datum van doop en van belydenis van geloof. Soms word tydens gemeentebyeenkomste ‘n foto of video geneem. Jou toestemming word benodig indien dit op sosiale media gebruik word. **Die doel met die insameling, stoor en verwerking of gebruik van hierdie inligting moet met ‘n werksaamheid, aktiwiteit of bediening van die gemeente verband hou.**

Hierdie inligting verander van tyd tot tyd en daar sal in die toekoms jaarliks ‘n aksie geloods word om die inligting op te dateer. Inligting wat soms verander is byvoorbeeld die adres, selfoonnommer en huwelikstatus (en van van eggenote).

Inligting oor die POPIA-wet kan op die N G Kerk se webadres gekry word. Daar is ook toegang tot vorms wat jy nodig kan kry. Die adres is: https://www.kerkargief.co.za/inligtingswet/#popia.

Vul asseblief bladsy 3 - 4 in en besorg dit aan die kerkkantoor voor of op die 14de Junie 2021.

Bladsy 3

Toestemming vir die versamel, stoor en gebruik van persoonlike inligting:

Gemeente: N G Kerk Worcester-Oos, Durbanstraat 5, Worcester.

Hierdie bladsy moet asb geteken en terugbesorg word (voor of op Ma 14 Junie 2021)

Man:

Volle name en van _____

ID-nommer _____

Adres _____

e-pos adres _____

Selfoon _____

Vrou:

Volle name en van _____

Nooiensvan: _____

ID-nommer _____

Adres _____

e-pos adres _____

Selfoon _____

Ek gee toestemming dat die volgende persoonlike inligting van my versamel, gestoor en gebruik mag word: Volle name en van, ID-nommer, geslag, huwelikstatus, huweliksdatum, fisiese adres, e-pos adres, landlynnommer, selnommer, datum van doop, datum van belydenis, nooiensvan of vorige van, fotos, video. **Die doel met die insameling, stoor en verwerking of gebruik van hierdie inligting moet met 'n werksaamheid, aktiwiteit of bediening van die gemeente verband hou.**

Sosiale media groepe soos WhatApp, E-posse en Facebook word vir die uitstuur van boodskappe en inligting oor gemeente-gebeure gebruik asook om bedieninge te koördineer. Ander sosiale media platforms soos mag moontlik in die toekoms gebruik word.

Hiermee gee ek toestemming dat my persoonlike inligting deur die kerk ingesamel, gestoor en gebruik mag word. Ek gee ook toestemming dat ek op 'n WhatsApp-groep ingesluit mag word (jy het die opsie om dit te verlaat). Ek bevestig ook dat ek die inligtingsbladsye (bl 1 en 2) gelees het en dat ek dit verstaan.

Man: Vrou:

Handtekening _____ Handtekening _____

Datum _____ Datum _____

Minderjarige kinders:

In geval van kinders: Let wel **albei ouers** moet toestemming verleen. Indien die ouers van die minderjarige geskei is, moet albei ouers se toestemming verkry en aan die kantoor besorg word.

Ek gee toestemming dat die volgende persoonlike inligting van my kinders (soos op bladsy 3 omskryf word) in ooreenstemming met die bediening in die gemeente versamel, gestoor en gebruik mag word. **Die doel met die insameling, stoor en verwerking of gebruik van hierdie inligting moet met 'n werksaamheid, aktiwiteit of bediening van die gemeente verband hou.**

Handtekening _____ (ouer of voog)

Datum _____

Eerste kind:

Volle name van kind: _____

Noemnaam: _____

ID-Nommer: _____

Adres: _____

Tweede kind:

Volle name van kind: _____

Noemnaam: _____

ID-Nommer: _____

Adres: _____

Derde kind:

Volle name van kind: _____

Noemnaam: _____

ID-Nommer: _____

Adres: _____

Vierde kind:

Volle name van kind: _____

Noemnaam: _____

ID-Nommer: _____

Adres: _____